education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 11

# TOETS

# REKENINGKUNDE

# MAART 2022

**PUNTE: 100**

**TYD: 1 ¼ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n 5-blad antwoordboek.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die tabel hier onder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| 1 | Versoeningstate | 60 | 40 |
| 2 | Vaste Bates | 30 | 25 |
| 3 | Vennootskappe | 10 | 10 |
| **TOTAAL** | | 100 | 75 |

**VRAAG 1: VERSOENING EN INTERNE KONTROLE (60 punte; 40 minute)**

1.1 Toon aan of die volgende inligting rakende Bankversoeningstate WAAR of ONWAAR is.

1.1.1 ‘n Debietsaldo in die Bankrekening reflekteer as ‘n ongunstige banksaldo.

1.1.2 ‘n Kredietsaldo op die Bankstaat reflekteer as ‘n gunstige banksaldo.

1.1.3 Die interne ouditeur moet die Bankversoeningstaat aan die einde van elke maand ontleed. (3)

1.2 **MARNIS WINKELS**

Jy word verskaf van inligting van Marnis Winkels vir Februarie 2022. Die amptelike bankstaat van BMF Bank ontvang, word op die 26ste of van elke maand na die onderneming gestuur.

**GEVRA:**

1.2.1 Gebruik die onderstaande inligting en voltooi die Kontantontvangste-joernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Februarie 2022. (29)

1.2.2 Bereken die banksaldo op 28 Februarie 2022. (4)

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 28 Februarie 2022 op. (8)

**INLIGTING:**

A Die Bankversoeningstaat op 31 Januarie 2022 bevat die volgende:

- Saldo per bankstaat R25 360 (oortrokke)
- Uitstaande deposito, R7 400
- Uitstaande EFO’s: Nr.1258 vir R9 740 (WW Handelaars – Voorraad)
  Nr.1259 vir R2 320 (Big Stores – Skryfbehoeftes)
- Kredietsaldo per bankrekening, R?.

B Die voorlopige totale van die kontantjoernale voor vergelyking met die Bankstaat is:

KOJ, R90 260
KBJ, R117 290

C Items ingesluit in die Februarie 2022 bankstaat, maar nie in die joernale nie:

- Uitstaande deposito vir R7 400 gedateer 17 Januarie 2022.
- EFO 1258 vir R9 740
- Verkope aan klante wat per kredietkaart betaal het, R7 950
- Diensgeld R245
- Kredietkaartheffings R1 157
- Rente op oortrekking R118
- Direkte deposito deur die huurder, M. Daniel, vir huur, R4 500
- Kontantonttrekkings deur debietkaart vir lone, R4 700
- Rente op spaarrekening R290
- EFO-betaling aan DD Handelaars vir R14 140 ter vereffening van die rekening.
- Elektroniese betaling aan die munisipaliteit vir R2 560 vir water en elektrisiteit.

D Items wat slegs in die kontantjoernale verskyn het:

- Deposito op 28 Februarie 2022 vir R33 420
- EFO Nr. 2366 vir R4 780
- EFO Nr. 2387 vir R6 890

E Die volgende verskille is ontdek:

- EFO 1259 gedateer op 30 Januarie 2022 vir R2 320, verskyn op die bankstaat, maar is foutiewelik in die KBJ as R3 220 aangedui.
- ‘n Deposito vanaf WVF vir R5 000 verskyn in die bankstaat, maar die bank stel Marnis Winkels in kennis dat dit ‘n fout is omdat die deposito foutiewelik na die onderneming oorgeboek is. Die bank sal die inskrywing op 1 Maart 2022 herstel.

F Die sluitingsaldo op die bankstaat was R?.

1.3 **DEF WINKELS**

‘n Staat wat vanaf ‘n krediteur, Outsure Handelaars op 28 Februarie 2022 ontvang is, toon aan dat DEF Winkels hulle R41 390 skuld. Volgens DEF Winkels is die uitstaande bedrag slegs R34 530.

**GEVRA:**

1.3.1 Noem TWEE voordele van ‘n Krediteureversoeningstaat. (4)

1.3.2 Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK en toon die verskille wat ontdek is aan, nadat die grootboek in die Krediteuregrootboek met die staat wat van Outsure Handelaars ontvang is, vergelyk is.

Skryf slegs die bedrae in die toepaslike kolom en toon ‘n plus (+) of ‘n minus (-) teken om ‘n toename of ‘n afname in die saldo aan te toon. Bereken die korrekte saldo/totaal aan die einde. (12)

**INLIGTING:**

**Na ‘n ondersoek is die volgende bevind:**

(i) EFO 1001 vir R4 900 deur DEF Winkels uitgereik, is nog nie op die staat van Outsure Handelaars aangeteken nie.

(ii) Die EFO ter vereffening van die Januarie-rekening is nie binne 7 dae deur Outsure Handelaars ontvang nie. Die korting van R770 wat deur DEF Winkels geboekstaaf is, moet gekanselleer word.

(iii) Terugsendings van R3 810 in die krediteuregrootboek van DEF Winkels is as R3 900 op die staat wat vanaf Outsure Handelaars ontvang is, geboekstaaf. DEF Winkels het die koste van goedere teruggestuur, verkeerd bereken.

(iv) ‘n Faktuur ontvang vanaf Outsure Handelaars is korrek as R8 800 deur DEF Winkels geboekstaaf. Dit is egter op die staat wat vanaf Outsure Handelaars ontvang is, foutiewelik as R880 aangetoon.

(v) ‘n Faktuur vir R4 600 ontvang vanaf Outsure Handelaars is foutiewelik as ‘n kredietnota deur DEF Winkels geboekstaaf.

**60**

## VRAAG 2: VASTE BATES EN BATEVERKOPE (30 punte; 25 minute)

Die volgende inligting hou verband met Julietta Winkels. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2022.

**GEVRA:**

2.1 Stel die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van die besigheid op:

2.1.1 Bateverkoperekening op 1 Desember 2021. (8)

2.1.2 Opgehoopte waardevermindering op toerusting op 28 Februarie 2022. (9)

2.2 Bereken die ontbrekende bedrae deur **(a)** tot **(d)** op die nota wat voorsien is. (13)

**INLIGTING**

**A. Vaste bate:**

| | GROND EN GEBOUE | VOERTUIE | TOERUSTING |
|---|---|---|---|
| Drawaarde (1/03/2021) | 4 200 000 | 156 000 | **(c)** |
| Kosprys | | 630 000 | 390 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | (474 000) | (142 000) |
| **Beweging:** | | | |
| Toevoegings teen kosprys | **(a)** | 480 000 | 120 000 |
| Bateverkope teen drawaarde | 0 | 0 | **(d)** |
| Waardevermindering | | **(b)** | |
| Drawaarde (28/02/2022) | 5 650 000 | | |
| Kosprys | | | 450 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | | |

**B. ADDISIONELE INLIGTING**

(i) **Grond en geboue**

'n Addisionele stoorkamer is deur die jaar aangebou.

(ii) **Voertuie**

Uittreksel uit die voertuigregister:

| | DHG751FS | FFG123FS | HKK545FS |
|---|---|---|---|
| Aankoopdatums | 1/9/2016 | 1/3/2019 | 1/12/2021 |
| Aankoopprys | R240 000 | R390 000 | R480 000 |
| Opgehoopte waardevermin-dering1/3/2021 | R216 000 | R234 000 | R0 |

Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op die kosprysmetode bereken.

(iii) **Toerusting**

Toerusting met 'n kosprys van R? is op 1 Desember 2021 ingeruil vir R25 000 en is met nuwe toerusting vir R120 000 op dieselfde dag vervang.

Opgehoopte waardevermindering op die ingeruilde toerusting beloop op 1 Maart 2021R32 000.

Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op die verminderdesaldo-metode.

**30**

**VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE** **(10 punte; 10 minute)**

3.1 Jy word verskaf met inligting rakende DM Handelaars. Die vennote is D. Donkey en M. Monkey.

**GEVRA:**

Gebruik die gegewe inligting en stel die verdelingsrekening op 28 Februarie 2022 op. (10)

**INLIGTING:**

Die volgende saldo's verskyn in die grootboek op 28 Februarie 2022.

| | R |
|---|---|
| Kapitaal: D. Donkey | 900 000 |
| Kapitaal: M. Monkey | 600 000 |
| Privaatrekening: D. Donkey (1/03/2021) | 42 000 (Kt.) |
| Privaatrekening: M. Monkey (1/03/2021) | 33 400 (Kt.) |
| Onttrekkings: D. Donkey | 120 000 |
| Onttrekkings: M. Monkey | 90 000 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

**(i) Salaris**

- Salaris aan D. Donkey beloop R12 000 per maand
- Salaris aan M. Monkey is R156 000 vir die jaar.

**(ii) Rente op kapitaal:**

- Rente op kapitaal is 12% p.j. D. Donkey het sy kapitaal op 1 September 2021 met R300 000 verhoog. Die transaksie is behoorlik geboekstaaf.

**(iii) Bonus**

- D. Donkey sal ‘n bonus van R24 000 vir dienste gelewer, ontvang.

**(iv) Verdeling van winste**

- Die oorblywende winste en verliese word in die verhouding 3:1 tussen Donkey en Monkey verdeel.

**(v)** Netto wins vir die jaar beloop R530 000.

**10**

**TOTAAL: 100 PUNTE**

Kopiereg voorbehou